

19 November

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:13, 18-20

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:13; Heidelbergse Kategismus Sondag 22 (v/a 58)

Die ewige lewe

In die ou vertroude "Rooi Boekie" (HK Boek1) leer ons al in ons eerste tree op pad na belydenis: *In die ewige lewe sal ons vreugdevol wees en God ewig prys.* Wanneer begin ons om hierdie vreugdevolheid te geniet? "Ek voel *nou al* die vreugde van die ewige lewe in my hart, omdat ek in Christus glo." Johannes bevestig die boodskap in vers 13 van hierdie brief as hy sê: *Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.* Sodat julle kan weet!

Paulus demp egter die vreugde skynbaar as hy sê: ... *maar ek is aards en soos 'n slaaf aan die sonde verkoop. Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek.* Stel dit nou ons toegang tot die ewige lewe in gevaar? *Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.*

Dit is wat Johannes in sy eerste brief in vers 18-20 beklemtoon. Ons weet dat kinders van God nie aanhou om sonde te doen nie, want die Seun van God beskerm hulle. Daarom kan Satan niks aan hulle doen nie. Ons weet dat ons kinders van God is en dat die duiwel oor al die ander mense regeer. Ons weet dat die Seun van God gekom het en dat Hy ons gehelp het om die ware God te leer ken. Nou is ons by die ware God en by sy Seun, Jesus Christus. Jesus is regtig God, Hy gee vir ons die ewige lewe (*Die Bybel Vir Almal*).

Sing: Skrifberyming 30-1:1-3

Ds. JH Venter (Venterstad)